testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2015

**10732**

**EKONOMIE**

# TWEEDE VRAESTEL

EKONOMIE: Vraestel 2
1073A

10732A

**PUNTE:** 150 **Bladsye 12**
**TYD:** 2 uur

X10

3

**b.o.**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Tweede Vraestel)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die TWEE vrae.
2. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
3. Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.
4. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Los 2 – 3 lyne oop tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde korreleer met die vereistes van die vrae.
7. Beantwoord slegs die vereiste hoeveelheid vrae. As daar meer vrae beantwoord word sal dit NIE gemerk word nie.
8. Gebruik slegs blou of swart ink.
9. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

b.o.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie keuses word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die gemiddelde inkomste kurwe en die marginale inkomste kurwe in die volmaakte mark is dieselfde, want pryse ...

A is dieselfde.
B daal saam met uitsette.
C styg saam met uitsette.

1.1.2 Die rede vir die implementering van ŉ mededingingsbeleid is om…

A inflasie binne grense te hou.
B die ontstaan van samesmeltings te reguleer.
C diensleweringsproteste te vermy.

1.1.3 Die oligopolis is die…

A Prysmaker.
B Prysonderhandelaar.
C Prysnemer.

1.1.4 Die mees waarskynlikste versperring tot toetrede vir firmas wat met besighede soos *Mercedes* of *Microsoft* wil meeding is...

A Lisensiëringsprobleme.
B Wetlike versperrings.
C Tegniese voorsprong.

1.1.5 Die kansellasie van groot infrastruktuur projekte deur die regering, kan toegeskryf word op die toepassing van ... beleid

A monetêre.
B fiskale .
C wisselkoers.

1.1.6 ŉ Skielike en onbeheerbare toename in pryse, word beskryf as ... inflasie

A koste-druk
B vraag-trek
C hiper-

1.1.7 Eko-toerisme verwys na toerisme aktiwiteite waar mense ... ervaar

A kulturele en tradisionele gemeenskapsaktiwiteite.
B die diverse natuurskoon van 'n land.
C aktiwiteite van 'n spesifieke avontuurlike aard.

1.1.8 Klimaatsverandering en uitlaatgasse hou verband met ...

A belasting op eiendomsreg.
B aardverwarming.
C positiewe eksternaliteite.

8x2=(16)

1.2 Kies 'n **BESKRYWING** in KOLOM B wat pas by 'n **ITEM** in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.2.1 Normale wins | A Verbruik van 'n produk kan nie beperk word tot net persone wat daarvoor betaal het nie |
| 1.2.2 Duopolie | B Prysstygings wat weer verdere prysstygings veroorsaak |
| 1.2.3 Volmaakte mark | C 'n Plek wat deur die Verenigde Nasies aangewys is vir sy kulturele of fisiese belangrikheid |
| 1.2.4 Nie-wedywering | D Koste wat deur die gemeenskap gedra word wat nie deur die markmeganisme bepaal word nie |
| 1.2.5 Produksieprys-indeks | E Wanneer twee firmas die mark domineer |
| 1.2.6 Inflasie-siklus | F 'n Mark soos die JEB (Johannesburgse effekte beurs) |
| 1.2.7 Wêrelderfenis-gebied | G Meet die inflasie by die punt van produksie |
| 1.2.8 Eksterne koste | H Minimum vlak van inkomste wat die eienaar van die besigheid benodig om in die mark te bly |
| | I Verbruik van 'n produk deur een persoon, sal nie verhoed dat ander persone dit geniet nie |

8x1=(8)

1.3 Identifiseer die BEGRIP in elk van die volgende stellings. Skryf slegs die **term** langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 ŉ Situasie waar een firma in die nywerheid die prys bepaal vir die hele nywerheid

1.3.2 Die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike hulpbronne

1.3.3 Die instansie wat die kompetisietribunaal se bevele hersien en dit verander of bevestig

1.3.4 ŉ Meting van inflasie waar vlugtige pryse soos energie, kos en brandstof uitgesluit word

1.3.5 ŉ Prys wat hoër as die ewewigsprys/markprys bepaal word om produseerders ŉ geleentheid te bied om ŉ meer billike wins te maak

1.3.6 Die indeks wat die prys van ŉ vaste mandjie van verbruiksgoedere en dienste meet

6x1=(6)

**AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in die afdeling in jou ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2 MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van kunsmatige versperrings vir toetrede wat 'n monopolis kan geniet. 2x1=(2)

2.1.2 Hoekom is dit belangrik vir die ekonomie om geallokeerde doeltreffendheid in 'n volmaakte mededingende mark te bereik? 1x2=(2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Hoeveelheid


2.2.1 Watter markstruktuur word in die grafiek voorgestel? (1)

2.2.2 Wat word deur die donker area op die grafiek aangedui? (1)

2.2.3 Differensieer tussen die begrippe **korttermyn** en **langtermyn**. 2x2=(4)

2.2.4 Verduidelik die redes vir die skuif van die ekwilibrium punt vanaf E1 tot E2. 2x2= (4)

2.3 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




*Vertaling: kreupel staatsinstellings*

2.3.1 Hoekom word die besighede hierbo beskryf as gebreklik (*kreupel*)? (2)

2.3.2 Hoe sal die SA Pos Diens (Prent 1) bydrae tot mark mislukkings? (2)

2.3.3 Identifiseer die parastaat wat voorgestel word in Prent 2 . (2)

2.3.4 Hoe word besighede geaffekteer deur Eskom se beurtkrag? (4)

2.4 Verduidelik die maatreëls wat deur die regering gebruik kan word om die herverdeling van inkomste te verbeter (8)

2.5 Hoekom is dit belangrik om die totale koste en totale voordele van ʼn ekonomiese projek te evalueer? 4x2=(8)

**[40]**

**VRAAG 3 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 20 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem TWEE doelwitte van toerisme. 2x1=(2)

3.1.2 Hoekom verskaf die regering omgewingsubsidies aan produsente? 1x2=(2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Vraag trek inflasie = 10%**




(Aangepas uit: cartoonstock.com)

3.2.1 Identifiseer die groep mense wat in die samelewing die meeste geaffekteer word deur vraag-trek inflasie. (1)


3.2.2 Val die inflasie koers wat aangedui word in die spotprent binne die raamwerk van die SARB? (1)

3.2.3 Wat is die boodskap van die spotprent? (2)

3.2.4 Wat is die hoof oorsaak van die tipe inflasie, soos aangedui in die spotprent hierbo? (2)

3.2.5 Hoe kan die fiskale beleid gebruik word om vraag-trek inflasie te bekamp? (4)

3.3 Bestudeer die sirkelgrafiek hieronder, en beantwoord die vrae wat volg.




(Bron: Google: Effects of pollution on our health – South Africa)

3.3.1 Watter sektor het die minste by gedrae tot lugbesoedeling? (1)

3.3.2 Verskaf 'n voorbeeld van lugbesoedeling veroorsaak deur vervoer. (1)

3.3.3 Verduidelik hoekom *industrie* die grootste oorsaak is van lugbesoedeling volgens die grafiek. (2)

3.3.4 Noem enige vorm van regerings inmenging wat lugbesoedeling kan verminder. (2)

3.3.5 Hoe kan 'n verbetering in tegnologie lugbesoedeling verminder? 2x2=(4)

3.4 Bespreek die invloed van 'n aaneenlopende toename in pryse op **beleggers** en **spaarders**. 4x2=(8)

3.5 Hoekom is **inheemse kennis stelsels** belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonmie? 4x2=(8)

**[40]**


**VRAAG 4 MIKRO-EKONOMIE & KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Gee TWEE voorbeelde van besighede wat deel van ŉ monopolistiese mededingingsmark in jou area vorm. 2x1=(2)

4.1.2 Watter effek sal inflasie op krediteure hê? 1x2=(2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Identifiseer die area in die grafiek waar eksterne voordele verkry word van die verbruik van ŉ produk. (1)

4.2.2 Gee een voorbeeld van ŉ produk wat ŉ positiewe eksternaliteit veroorsaak. (1)

4.2.3 Verduidelik die begrip *eksternaliteit*. (2)

4.2.4 Watter hoeveelheid sal geproduseer word as die markkragte die enigste rolspeler was? (2)

4.2.5 Verduidelik hoe die eksternaliteit ŉ ondoeltreffende allokasie van hulpbronne veroorsaak. 2x2=(4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Suid-Afrika se toerisme moet sy fokus weg van Europa af verskuif, sê Toerisme Suid-Afrika.
>
> Suid-Afrika sal toenemend nuwe toerisme geleenthede soek in Indië, China, Brasilië en elders in Afrika as die ekonomiese afswaai in die Eurosone besteebare inkomste in Europa bly daal, sê Toerisme Suid-Afrika.
> Toeriste wat Suid-Afrika besoek van die "BRIC" lande het vir 330834 van die 9.2 miljoen internasionale toeriste in 2012 getel. Totale buitelandse besoekers het met 10.2% toegeneem van die vorige jaar se 8.3 miljoen.
> Europa het 1.4 miljoen toeriste na Suid-Afrika gelewer in 2012, ʼn toename van 9.5% oor die vorige jaar. SA toerisme se voorsitter, Frank Kilbourn het in sy jaarlikse verslag Dinsdag in die parlement gesê die verwagting vir groei in die ontluikende markte was "groot"
> "Wêreldwyd is daar aangehoue afname in besteebare inkomste en onsekerheid oor die globale ekonomiese herstel, wat ʼn demper plaas op toerisme van veral VSA en Europa. Ons is bewus van die behoefte om toenemend op die uitkyk te wees vir ander geleenthede"

Bron: Business Day Live (vertaal) 03 September 2013(http://www.bdlive.co.za /business/transport/ 2013/09/03/sas-tourism-focus)

4.3.1 Identifiseer die rede vir die stadige groei in toerisme vanaf Europa en die VSA. (1)

4.3.2 Noem die instansie in die openbare sektor wat in vennootskap is met die Departement van Toerisme. (1)

4.3.3 Wat is die betekenis van die woord *Eurosone*? (2)

4.3.4 Hoekom dink jy is daar ʼn sterk fokus op opkomende markte by die toerisme beamptes? (2)

4.3.5 Hoe kan toerisme tot voordeel wees vir die armes, volgens jou opinie?. (4)

4.4 Verduidelik onvolmaakte mededinging en *de-meriete (onverdienstelike) goedere* as redes vir mark mislukkings. 4x2=(8)

4.5 Deur gebruik te maak van totale inkomste en totale koste kurwes, verduidelik wins maksimerings onder volmaakte omstandighede. 4x2=(8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in jou ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL: | Punte toekenning: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud**:<br>• Hoofdeel: Verduidelik in diepte, bespreek volledig, bespreek krities, onderskei, vergelyk, onderskei, differensieer/evalueer, bespreek, analiseer, assesseer.<br>• Addisionele deel: Gebruik, skets, teken ŉ grafiek, diagram/ aflei, riglyne, eie opinie, krities evalueer, evalueer, skets en verduidelik, gebruik grafiek en verduidelik, bereken, vergelyk, verduidelik, onderskei, interpreteer, verduidelik kortliks, hoe, stel voor, gebruik informasie en argumenteer, debatteer/evalueer | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **Totaal** | **40** |

**VRAAG 5 MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 20 MINUTE**

*"De Beers speel ŉ leidende rol in diamanteksplorasie, ontginning, verhandeling, kleinhandel en in die industriële diamantvervaardiging-sektore."*

- Bespreek die kenmerke van ŉ monopolie as ŉ markstruktuur. (26 punte)
- Evalueer die langtermyn wins maksimering posisies van die volmaakte en monopolistiese mark, deur net gebruik te maak van grafieke. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 20 MINUTE**

*"Die omgewing is onder druk want mense verwag meer van die natuur as wat die natuur kan verskaf op die langtermyn."*

- Bespreek die huidige stand van die omgewing met verwysing na bewaring en konservasie. (26 punte)
- Evalueer die sukses van die groot internasionale konvensies op omgewings volhoubaarheid. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

**EINDE**